# OOSTER BEELD

WAAR PRESTASIE NOG PRET IS!



## Des 2023

VINNIG VORENTOE..

# INHOUD


BRIEF VAN DIE REDAKTRISE BL.3
'N KLEIN "VAN VREDENTJIE" IS GEBORE! BL.5
JUFFROU ANTO VILJOEN IS 'N MAMMA! BL.6
VAN PRETORIUS NA LOPEZ BL.7
IDILLIESE TROUE VIR JUFFROU VAN DEN BERG BL.8
DIE AVONTUURKLUB SE UITSTAPPIE NA DIE VOORTREKKER MONUMENT: 'N REIS DEUR SUID-AFRIKA SE GESKIEDENIS EN ERFENIS BL.9
"OOSIES RED LEWENS" REKORDBLOEDSKENKINGS OM MENSE SE LEWENS TE RED BL.10
BOK-VRYDAG BY HOËRSKOOL OOSTERLIG BL.12
KLAS VAN 2023: ONS GROET JOU! BL.13
HOOFLEIERS VAN 2023 SE RAAD AAN DIE NUWE HOOFLEIERS BL.14
HOOFLEIERS VAN 2024 SE SLAGSPREEK VIR DIE VOLGENDE JAAR! BL.16
OOSIE-MATRIKULANTE BLOM! BL.18
LEIERSKOMITEE 2024 BL.20
'N VUURWARM BRAAI-OPPI-BLAD BL.22
STOKKE SWAAI BY HOËRSKOOL OOSTERLIG SE GHOLFDAG BL.23
'N DAG VAN PRET BY DIE SKOOL BL.24
DIE HEERLIKE, LEWENDIGE LENTEDANS BL.25
MEESTERSJEFSOF OOSIE ONNIES? BL.26
ONTDEKKINGSREIS: VERKEN NUWE HORISONNE OP DIE TOERISMETOER BL.27
OOSIELIG SKYN HELDERDER AS OOIT TEVORE BL.29
OOSIE-LIMP-ICS BL.30
VERLORE TYD BL.31
DIE AVONTUURKLUB SE EERSTE EKSPEDISIE BL.32
NATIONALS - REDENAARS EN PUBLIC SPEAKING: OOSIES BEREIK HOOGTES BL.33
'N MOND VOL WOORDE VAN OOSTERLIG SE SPREEKKOOR BL.34
OOSIE-REVUE RAAK HARTE AAN! BL.35
OOSIES SKITTER IN PROVINSIALE INTERSKOLE PUBLIC SPEAKING KOMPETISIE! BL.37
VOORBEREIDING VIR DIE KULTUURAAND SKEP 'N HOË STANDAARD VIR DRAMAKLUB BL.39
TYDLOSE WYSIES VAN DEO VOLENTÉ BL.41
ROCCO ALDUM: SKAAKSPELER VAN DIE JAAR BL.42
KOLSKOOT! BL.43
'N EERSTE VIR HOËRSKOOL OOSTERLIG SPORT BL.44
OOSIE-NETBAL SLAGGEREED VIR DIE 2024-SEISOEN! BL.45
JOHANN CHAMBERS: ATLETIEKSENSASIE IN ITALIË BL.46
OOSIES WAT DOEN JULLE IN JULLE VRYE TYD? BL.47
STEPHAN BOOYSEN: BOOGSKUT VAN FORMAAT BL.48
OOSTERLIG GHOLFSPELERS GLIMLAG VAN OOR TOT OOR NA 'N SUKSESVOLLE SEISOEN BL.49
OOSIE UITBLINKERS BL.50
OOSTERLIG JUKSKEI BEHAAL INDRUKWEKKENDE PRESTASIES BL.52
OOSTERLIG LANDLOOP IS REG VIR KOMPETISIE BL.53
DROP DIE BAL, OOSIES BL.54
WAAG OM TE HARDLOOP; WAAG OM TE DROOM BL.55
THUNDERSTRUCK BL.56
MARVEL MOVIE MADNESS: 'N HEERLIKE, AKSIEBELAAIDE FEES VIR DIE SINTUIE! BL.57
THE CAPTIVATING CLASSICS BL.58
UIT DIE BOK SE BEK BL.59
DIE BESTE VIR LAASTE: HOËRSKOOL OOSTERLIG VIER UITNEMENDHEID IN 2023! BL.60
SKILDER GEDIG BL.62



# BRIEF VAN DIE REDAKTRISE

CHIARA DOVER

*Ons sluit nog 'n jaar af en weer het die verloop van tyd die wind uit ons seile gehaal. Uiteindelik kon ons hierdie jaar losbreek uit die COVID-greep en dit was 'n fees. Wanneer mens ouer raak, raak mens al hoe meer filosofies. Dit weet ons almal goed. Ek het wel onderskat hoe gou dit inskop, want met die aanvang van my graad 11 jaar het elke klein Oosie- oomblik vir my iets beteken... selfs wiskunde lesse. So, kyk saam met my terug na die jaar deur die nostalgiese oë van iemand wat so paar laastes ervaar het.*

*Ons het hierdie jaar weer die kans gekry om ons atletiese passies op en van die veld af uit te leef. Ons het vir weke lank ge-"Hey, Sonneblom" en Suid-Afrika gesalueer. Met 'n morph suit hier en 'n morph suit daar was al die oë op die Oosies. Om nie eers te praat van die atlete se vernuf en die rasieleidsters se danspassies nie. 'n Stukkie raad: moenie pompon-fiksheid onderskat nie. Dis "Oosie- limpics aerobics" vir drie uur lank. Nietemin kon ons skool nie vir 'n beter spanbou-aktiwiteit vra as ons interhoër nie. Ons hokkie-, rugby- en netbalseisoen het aangebreek met die NWU Puk-reeks. Iets wat so bietjie opwinding skep vir ons almal.*

*Die ver ry en nuwe plekke verken is beslis 'n hoogtepunt wat die grootmenswêreld nie altyd vir ons inhou nie. Spansportseisoen is vir my 'n tyd van gemak en vriendskap.*

*Die van julle wat spansporte doen weet dat jy op jou nederigste, kwesbaarste en tog gelukkigste is saam met spanmaats wat jou al sien sweet, huil, lag en, in my geval, sien val het. Die drama- en revueseisoen het gou gevolg. Dit word gekenmerk aan min slaap en min geduld, maar net so min sorge, want jou kreatiewe kant kom uit en so ook jou mal kant. Oosterlig word gebou op die fondasie van holtes vir ons voete hê. 'n Plekkie waar elkeen inpas en behoort. Elke span, klub of aktiwiteit is 'n familie-geleentheid, want die 8 ste man word jou broer, die doel word jou sussie, die doelwagter jou niggie en ons afrigters, regisseurs en onderwysers is ons ma's en pa's.*

*Nog so stukkie advies: As jy tot dusver 'n weeskind was in die skool, gaan uit en vind vir jou 'n familie in 2024. Al ontken jy dit hoe, kan niemand my oortuig dat hulle nie daarvan hou om hulself op te maak vir 'n skooldans of -bal nie. Valentynsdans se Gatsby tema was 'n "blast from the past" en ons debutante bal was 'n intieme affêre gevolg met die lentedans se kontrasterende wit en swart wat vir ons waardering vir die helder lente gegee het. Gepraat van keurige uitrustings was ons leesfees net soveel pret. Daar was nie 'n leë deur in ons skoolgange nie. Natuurlik is die eksamen iets waarvan geen hoërskoolkind kan ontsnap nie. Ons ween oor die senuweeselle wat gesterf het tydens die eksamens. Met dít kan jy jou gedagtes skoon vee van alle stres.*

*Die herinnering aan busstoot, handjietennis en rugby sowel as die smaak van ontbytpap in jou mond, laat nou die Kersfeesseisoen in vaar met die rustige wete dat 'n suksesvolle lewensjaar tot jou lewe toegevoeg is en dat eindelose geleenthede vir jou wag in 2024. Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar, Oosies. Onthou: Alles is 'n mentaliteit!*

# ‘N KLEIN “VAN VREDEN TJIE” IS GEBORE!

Chiara Dover



OosterBeeld het met juffrou van Vreden gaan gesels oor die tweede seuntjie waarmee sy en haar man geseën is.

Wat is juffrou se kind se volle naam en geboortedatum?
Regardt van Vreden en hy is gebore op 28 Februarie 2023.

Wat is juffrou se gunstelling oomblik saam met Regardt tot dusver?
Babatjies groei so vinnig en daar is soveel mylpale wat hulle bereik in hulle eerste jaar van lewe. Elke dag as hy iets nuuts kan doen, is spesiaal vir my en ek koester dit.

Wat is Regardt se gunstelling kleuterrympie (“nursery rhyme”)?
Hy hou van enige rympie, maar ek moet dit vir hom sing – seker my mooi stem.

Watter trekke het Regardt van juffrou of juffrou se man?
Hy is ‘n ewebeeld van sy mamma toe ek ‘n babatjie was. Veral sy potblou oë.

Wat is juffrou se gunstelling deel van ouerwees?
Om te sien hoe hulle groot word en te sien hoe hulle persoonlikhede gevorm word, is vir my
kosbaar. En natuurlik al die oopmond-soentjies en vuilhand-drukkies.

Met watter boek se storielyn sal juffrou juffrou se
vooruitsig vir Regardt se lewevergelyk?

Ek het redelik lank terug ‘n boek klaar gelees, maar as ek dit met ‘n animasiefilm moet
vergelyk, sal dit verseker The Lion King wees. Hy moet homself altyd kan vergewe, leer uit
sy foute en met trots na sy verlede kyk oor hoe ver hy gekom het op sy lewensreis. Om nooit
op te gee nie en te weet hoe belangrik familie is.

~Chiara Dover



# JUFFROU ANTO VILJOEN IS 'N MAMMA!

**CHIARA DOVER**

*Juffrou Anto Viljoen het 'n seuntjie ryker geword. OosterBeeld kon nie wag om met haar te gesels nie.*

*Wat is juffrou se kind se volle naam?*
*Levi Viljoen*

*Wanneer is Levi gebore?*
*2 Mei 2023*

*Hoe voel dit vir Juffrou om 'n mamma te wees?*
*Dit is 'n gevoel wat 'n mens nie kan beskryf nie. Ek het gedink dis net 'n "cliché" wanneer mense vir my gesê het dat jy eers weet wat ware liefde is wanneer jy jou babatjie vir die eerste keer vashou, maar nou besef ek dat daar beslis waarheid in steek. Dit voel letterlik asof jou hart buite jou liggaam is.*

*Watter sportsoorte, hoop Juffrou, sal Levi eendag speel?*
*Mens kan maar altyd hoop vir iets, maar hy moet self besluit wat vir hom die lekkerste is. As ek moet kies, sal ek sê hy moet hokkie speel, maar volgens my man gaan hy 'n klein rugbyspeler wees.*

*Watter waarde wil Juffrou graag aan Levi oordra?*
*My wens is dat hy altyd homself sal wees, die goed in ander sal raaksien en wanneer hy 'n ding begin, dit tot die beste van sy vermoë sal klaarmaak.*

*Met watter boek se storielyn, sal Juffrou die vooruitsig vir Levi se lewe vergelyk?*
*Levi moet die skrywer van sy eie lewensboek, met die Here as sy aanwyser, wees.*

*Watter universiteit, hoop Juffrou, sal Levi eendag kies?*
*Die universiteit gaan afhang van Levi se belangstellings en wat hy wil gaan swot. As ons kon kies sou ons hom Maties toe wil stuur.*



# VAN PRETORIUS NA LOPEZ

**CHIARA DOVER**

*Op 19 Mei 2023 het juffrou Danelle Pretorius haar troubeloftes aan haar man, Juan Lopez, gemaak. Vir juffrou was dit 'n onbeskryflike dag. Elke oomblik het vir haar oorgeloop van emosies. Eers 'n gevoel van opwinding en na dit oorweldigende emosies van liefde en vreugde.*

*Die troue is gehou by Bell & Blossom in Pretoria. Die tydlose en elegante lokaal is omring deur natuurskoon en verskuil tussen hoë bome. Die troupaar het die venue gekies omdat dit presies aan elkeen van hulle vereistes voldoen het en hul asems weggeslaan het.*

*Juffrou se rok was, volgens haar, uiters elegant en tydloos. Die rok het al haar verwagtinge oortref en het volmaak by haar gepas. 'n Stylvolle "off-shoulder" meerminrok met 'n "sweetheart" neklyn en 'n afhaalbare strik. Na 'n spesiale "first look" wat sy en haar pa gedeel het, het juffrou op die liedjie "I get to love you" deur Ruelle die gang afgestap. Dit het gelei tot nog twee oomblikke wat haar baie diep bygebly het: Die oomblik toe sy haar man by die kansel sien staan het en later tydens die seremonie toe hulle beloftes uitgeruil het.*

*Met 'n wit, groen en neutraal gedekte onthaal het mevrou en meneer Lopez die dansbaan geopen op die lied "Nothing's gonna stop us now" deur Starship. Vir juffrou het die volgende uitgestaan:*

*"Die liefde wat ons omring het en die vreugde wat elke gas ervaar het. Dit was 'n God-gegewe perfekte dag."*

*Die dag was 'n stresvrye ervaring, want alles was in plek. Dit was byna vreemd hoe alles so foutloos verloop het. Hierdie onoortreflike dag is afgesluit met heerlike nagereg, lekker dans en bekoorlike musiek. Die partytjie en feesviering het op 'n hoë noot geëindig en vir juffrou, haar man, familie en vriende pragtige herinneringe agtergelaat*



# IDILLIESE TROUE VIR JUFFROU VAN DEN BERG

MELISSA ENSLIN

Juffrou van den Berg het op 'n pragtige sonskyndag tydens 'n idilliese troue met die liefde van haar lewe getrou. Hierdie spesiale gebeurtenis het plaasgevind voor 'n aandagtige gehoor van vriende en familie, wat saam met hulle 'n dag van vreugde en viering gedeel het.

Die seremonie het plaasgevind in 'n prentjiemooi kapel met 'n uitsig oor 'n pragtige tuin, wat bygedra het tot 'n atmosfeer van romanse en verwagting. Die bruid het in 'n betowerende wit trourok geloop, terwyl die bruidegom elegant in 'n gesplete pak verskyn het. Die oomblik toe hulle mekaar die ja-woord gegee het, was 'n oomblik van pure geluk en emosie.

Ná die seremonie het die gaste na 'n stylvolle onthaalsaal beweeg, waar hulle bederf is met heerlike kos en drinkgoed. Daar is 'n oomblik van stilte toe die nuwe egpaar hul eerste dans deel, en dit was duidelik dat hierdie twee mense vir mekaar bestem is.

Die bruid en bruidegom is 'n inspirasie vir almal in die gehoor met hul liefde, hul toewyding aan mekaar, en hul stralende geluk. Hierdie spesiale dag sal vir altyd in ons harte bly as 'n herinnering aan die magiese oomblikke van liefde en eenheid.

Ons wens vir Juffrou van den Berg en haar man 'n lewe vol liefde, geluk en voorspoed toe in hul nuwe avontuur saam. Mag hulle liefde vir mekaar net groei met elke dag wat verbygaan.




KAYLA VAN DALEN

# DIE AVONTUURKLUB SE UITSTAPPIE NA DIE VOORTREKKER MONUMENT:

## ‘N REIS DEUR SUID-AFRIKA SE GESKIEDENIS EN ERFENIS

Die Oosie-avontuurklub het Saterdag, 5 Augustus, om 8-uur vanaf Hoërskool Oosterlig vertrek. (Groot dank aan Oosterlig se busbestuurders wat altyd bereid is om hul tyd vir die Oosies op te offer.)
Die gids wat die Oosies begelei het, het die Oosies met entoesiasme meer vertel oor die gebeure van die Groottrek. Daarna kon die Oosies na al die items in die museum kyk. Natuurlik het die kondensmelkblikkies al 299 trappies saam geklim.

Dit was besonders mooi om te sien hoe baie Bybels saamgetrek is gedurende die Groottrek. Daarna het die Oosies vertrek na die Plaaswerf vir stokbrood en moerkoffie. Vir die meeste van die Oosie- avonturiers was die stokbrood ‘n eerste ervaring wat nie gou vergeet sal word nie.

Dit wat ‘n ervaring van trots en bewondering vir ons land se geskiedenis. Hierdie onvergeetlike uitstappie het die Oosies herinner aan ons erfenis en die moed van ons voorgeslagte.



ZOË
MULLER

# "OOSIES RED LEWENS"

## REKORDBLOEDSKENKINGS OM MENSE SE LEWENS TE RED

"Dit is 'n eenvoudige daad van omgee wat 'n groot impak het."

– Oosies-bloedskenker

Op Donderdag, 27 Julie 2023, het 'n groep skoolleerders 'n ongelooflike daad van medemenslikheid uitgevoer deur 'n nuwe bloedskenkingsrekord te behaal. Met 'n tekort aan bloed in Suid-Afrika, het hierdie Oosies besluit om hul klasse te verlaat en deel te neem aan die bloedskenk-geleentheid om lewens te red. Volgens die Oosies sien hulle dit as 'n wen-wen- situasie omdat hulle nie net die geleentheid kry om mense se lewens te red nie, maar ook om gratis sap en koekies te kry.

Bloedskenk is 'n kritiese en lewensreddende daad van liefdadigheid wat die potensiaal het om die lewens van verskeie mense te verbeter en te red. Deur bloed te skenk, gee ons die geskenk van hoop en 'n tweede kans aan dié wat 'n dringende behoefte aan bloedoortappings het weens ongelukke, chirurgie, kankerbehandelings, of ander mediese toestande.

"Elke bloedskenkingsgeleentheid maak 'n groot verskil in die lewens van mense in nood."

– Mediese kundige



Die Oosies het nie net ‘n nuwe rekord gestel nie, maar het ook ‘n kragtige boodskap van omgee en samewerking gelewer. Deur die geleentheid aan te gryp om te help en bewuswording rondom bloedskenk te verbreed, het die Oosies ‘n belangrike bydrae gelewer aan die gemeenskap. Die bloedskenkgeleentheid het nie net die lewens van diegene wat bloed ontvang het, verander nie, maar dit het ook die bewustheid van die waarde van bloedskenk in die samelewing versterk.

“Om bloed te skenk is ‘n daad van onbaatsugtigheid en medemenslikheid.”

– Oosies-bloedskenker

Elke bloedskenker speel ‘n noodsaaklike rol in die verbetering van die gesondheid en welstand van mense in nood. Die Oosies het getoon hoe ‘n gemeenskap se eenheid en ‘n enkele daad van goedhartigheid ‘n groot verskil kan maak in die samelewing.

Om bloed te skenk bly een van die belangrikste maniere waarop individue kan bydra om ander mense te help en lewens te red. Elkeen van ons het die potensiaal om ‘n held te wees deur ‘n bloedskenker te word. So, laat ons saamwerk en lewens red deur ‘n eenvoudige, maar kragtige handeling van omgee en liefde.

## ONTHOU, OM BLOED TE SKENK IS ‘N GESKENK WAT NIE GEKOOP KAN WORD NIE, MAAR DIT IS DIE GESKENK VAN DIE LEWE SELF.



# BOK-VRYDAG

## BY HOËRSKOOL OOSTERLIG

**LLEWELLYN VAN BLERK**

*Bok-Vrydag, gehou op Vrydag 8 September was beslis nog 'n hoogtepunt by Hoërskool Oosterlig! Voor al die lekker aktwiteite kon begin het die skool in die vorm van die woord "Bokke" gestaan om 'n hommeltuigfoto te neem. Die dag is afgeskop deur reuse opwinding, lekker musiek en trivia op die rugbyveld. Die triviavrae het ingesluit:*

*"Waar word die Wêreldbeker gehou?"*
*"Wie het die meeste drieë in 'n Wêreldbeker gedruk?"*
*"Wie is die afrigter van die Springbokke?"*

*Die Oosie wat 'n vraag reg beantwoord het, het jy 'n prys ontvang en die geleentheid gekry om in die aktwiteitsperiode "touchies" saam met die onnies te speel. Natuurlik het nie net die wenners rugby gespeel nie, maar byna al die kinders op die pawiljoen het naderhand besluit om saam te speel. Terwyl daar rugby gespeel is, het die res van die Oosies op die pawiljoen 'gees gevang' en lekker saam gedans en gesing. Nadat die aktwiteitsperiode tot 'n einde gekom het, was die opwinding van die dag steeds nie verby nie. Die res van die dag kon die Oosies klein rugbyballetjies soek wat die woorde "GO BOKKE" moes uitspel. Indien jy dit reg kon kry, het jy na Juf. Bredenhand se klas toe gegaan om 'n prys te ontvang. Deur die loop van die dag het Juf. S. van der Walt rond geloop en video-opnames gemaak van die skoliere wat 'n paar woorde vir die Springbokke wou sê om hulle sterkte toe te wens vir die Wêreldbeker Natuurlik kon hierdie dag nie 'n sukses gewees het sonder 'n bietjie beplanning nie. Al die reëlings vir hierdie dag is gedoen deur die studente. Baie dankie vir elkeen se harde werk om van nog 'n pretdag 'n sukses te maak.*



# KLAS VAN 2023:

# ONS GROET JOU!

Kayla van Dalen

Die matriekafsluiting is begin deur ‘n pragtige preek van bemoediging vanaf ds. Leon, gevolg met 2023 se hoofseun en hoofdogter wat hul laaste toesprake aangebied het wat die matriekulante wysheid, raad en motivering gebied het.
Elke matrikulant van 2023 is waarlik aangemoedig om die toekoms met selfvertroue te omhels. Die matrikulante is verder verras met ‘n persoonlike liedjie vanaf Riana Nel...
spesiaal geskryf vir dié groep.
Soos pette in die lug gegooi is, is gradeplegtighede die hoogtepunt van jare se harde werk, toewyding en groei. Hierdie betekenisvolle mylpaal is nie net ‘n gevolgtrekking nie; dit is ‘n begin in die volgende hoofstuk van die lewe,
vol beloftes en geleenthede. Die vlae is aan die nuwe hoofleiers van 2024 oorhandig en

DAARMEE IS DIE KLAS VAN 2023 GEGROET!



# HOOFLEIERS VAN 2023 SE RAAD

# AAN DIE NUWE HOOFLEIERS:

Donné Fowler

**Heinard Stroebel:** Maak nie saak wat jy doen nie, onthou jy kan altyd vir die Here vra vir hulp met enige en alle take. Bly altyd nederig en oopkop oor alles wat jy aanpak en luister eers na almal se opinies voordat jy besluite neem.

**Bianca Swart:** Een van die belangrikste dinge waarvolgens ek nogal geleef het die jaar, is dat buiten jou groot verantwoordelikheid moet jy nogsteeds elke liewe oomblik van matriek en kindwees geniet! Neem deel aan soveel moontlike dinge, kom uit jou gemaksone en koester al die oomblikke van genot saam met jou 'tiommies'! Weet ook altyd jy is op die regte tyd en plek in jou lewe en moet nooit daarin twyfel nie. Dit is 'n onbekende reis wat jy met soveel optimisme en opgewondenheid moet aanpak. Geniet elke oomblik, want dit is in 'n oogwink verby. Dit gaan 'n fees wees, wees net jouself en geniet dit!

**Ryan de Sousa:** Moenie bang wees om 'n fout te maak nie. Wanneer jy 'n fout maak onthou dat daar vyf ander hoofleiers is wat jou kan reghelp. Ondersteun mekaar en moenie skaam wees om vir hulp te vra as julle dit nodig het nie, julle is nie alleen nie. Vestig julle vertrou op die Here, want Hy sal jou deur enige situasie lei, deur vir jou krag en wysheid te gee. Moenie skrik vir 'n groot taak wat jou kant toe kom nie, onthou daar is mense wat bereid is om julle te help waar julle struikel. Geniet elke oomblik daarvan om 'n hoofleier te wees, maar bly nederig.

**Megan Butcher:** Onthou altyd - julle is ses, niemand is manalleen nie. Maak staat op mekaar, wees daar vir mekaar, luister na mekaar en ondersteun mekaar. Dit is julle ses wat mekaar gaan deur trek.

Isaiah 41:10
Do not be afraid for I am with you. Do not be discouraged, for I am your God. I will strengthen you and help you. I will hold you up with my victorious right hand.

Onthou hierdie bybelvers wanneer tye moeilik raak. Nie net kan julle staatmaak op mekaar nie, maar julle kan gerus wees en weet dat julle staat kan maak op Jesus. Wanneer jy ‘n uitdaging in die gesig staar, vertrou dat God jou sal versterk en jou sal lei wanner jy belangrike besluite moet neem. Waardeer elke oomblik,
GENIET ELKE OOMBLIK.

**Wiliam Reid:** Die jaar gaan moeilik wees, vol uitdagings, jou karakter gaan getoets word en daar gaan van jou verwag word om ten alle tye die regte keuses te maak. Die hoogste bome vang die meeste wind, maar daar is ‘n rede waarom JY een van die hoogste bome is. Moenie bang wees nie en geniet jou finale jaar, want die tyd vlieg.
Glo in God en glo in jouself!

**Jocelyn Hobbs:** JY IS GENOEG. Bly eg aan jouself. Jy gaan druk ervaar van alle kante af, maar jy sal as oorwinnaar uitkom as jy jou waardes behou en vertrou op die Here. Ek stel ook voor om elke oomblik te geniet, want dis ‘n ongelooflike ervaring om saam met vyf ander mense te kan werk wat jou laat lag tot jou maag pyn of daar is wanneer jy iemand se ondersteuning nodig het. Vind genot in die klein dinge.





# HOOFLEIERS VAN 2024 SE SLAGSPREEK VIR DIE VOLGENDE JAAR!

D O N N É F O W L E R

**Juandré Bekker:**

Eerstens wil ek net vir ons Liewe Vader baie dankie sê vir die geleentheid om Oosterlig se hoofseun van 2024 te wees - alle eer aan die Here. Tweendens wil ek net aan al die Oosterlig personeel en my medeskooliere ook dankie sê dat julle die vertroue in my geplaas het om jul hoofseun van 2024 te kan wees. Ek deel graag met jul my gunstelling Bybelvers:
Ek is tot Alles in staat deur Christus wat my die Krag gee. Fillipense 4:13

Ek wil ons almal graag inspireer met hierdie woorde vanuit die Woord van God, mag 2024 vir ons almal 'n jaar wees waartoe ons almal tot alles in staat is deur Christus wat ons die krag gee.
Ek will ook graag elke Oosie verseker dat ek elke situasie met respek, eerlikheid en op 'n Goddelike manier sal hanteer en ook die Oosterlig-erekode sal eerbiedig.
Die leierskomitee van 2024 is 'n span wat verkies is om die skool met trots te lei in 2024 en ek weet dat ons almal baie hard saam gaan werk om van 2024 'n groot sukses te maak.
Aan elke Oosie, mag jul 'n mooi jaar hê wat voorlê. Geniet die vakanise want as die nuwe jaar begin is die slagspreuk nodig: Harde werk werp goeie vrugte af!

**Karla Schoombee:**

Om ‘n hoofleier te wees beteken vir my om ‘n dienaar te wees vir my skool, my medeleiers en die belangrikste, vir God. Dit is om tot die beste van my vermoë die voorbeeld te wees van hoe ander moet optree, maar ook om tot die beste van my vermoë die regte ding te doen, al is dit soms moeilik.

My slagspreuk wat ek sal gebruik om die res van 2023 en 2024 aan te pak is die vers, Kolessense 3:23, Pak alles gemotiveerd aan. Werk soos vir die Here en nie soos vir mense nie.

**Bernard Pienaar:**

Die F1-bestuurder, Daniel Ricciardo, het gesê: “No regrets only memories.”

As deel van die hoofleiersgroep word ek die kans gegun om geleenthede te skep waar herinneringe gemaak kan word. So gaan ons as groep saam kan bou aan ‘n nalatenskap wat vir lank nog onthou gaan word.

**Clerise Redelinghuys:**

In ‘n neutedop: Lei met Liefde, Leer met Leierskap, en Laai met Liefde. (Psalm 25:4-8)
Om ‘n hoofleier van ’n skool te wees, is ‘n eer en ‘n verantwoordelikheid wat ’n diepgaande impak op jou skoolgemeenskap kan hê. Dit beteken dat jy in ‘n leierskapsrol is wat jou in staat stel om ‘n positiewe verskil in jou skool te maak.

Om n hoofleier te wees beteken vir my om die Here se liefde te deel, ons lig vir andere te skyn en om ‘n bron van ondersteuning vir ander leerders te wees.

**Rocco Aldum:**

“Vandag is ‘n goeie dag om ‘n goeie dag te hê.”

Ek voel baie geëerd om vertrou te word as ‘n hoofleier in ons skool en ek sal my beste doen om die skool te lei na nuwe hoogtes, want saam kan ons enige iets bereik.

**Chiara Dover:**

“Moenie vra wat jou skool vir jou kan doen nie, maar wat jy kan doen vir jou skool.”

Hierdie is geïnspireer deur een van die VSA se voormalige presidente John F. Kennedy. Wat hoofleierskap vir my beteken kan ook uit sy lewe gehaal word. Hy is ‘n voorbeeld daarvan dat mens in ‘n kort tyd ‘n groot impak moet maak. Hy het ook baie risiko’s in die gesig gestaar, maar hy het nie sy beginsels prys gegee om die risiko’s te vermy nie. Hy het geweet dat jy die geskiedenis in ag moet neem om onverdrote op nuwe wyses nuwe uitdagings aan te pak. Dit is my doel en strewe as hoofleier.

# OOSIE-MATRIKULANTE BLOM!

MIEKE DIPPENAAR

*"Elegance is not about being noticed, it's about being remembered"*

*Giorgio Armani*

**'n Aand om te onthou…**

**Matriekafskeid 2023 was 'n toonbeeld van elegansie. 'n Sprokiesverhaalaand wat die drome van elke matriekleerling bewaarheid het.**

**Na weke se beplanning en voorbereiding het die dag uiteindelik aangebreek op 29 September 2023. Nadat die finale mooimaak van die lokaal by Thabong afgehandel is, het die matrieks vanaf 16:00 tot 18:00 gearriveer. Die toeskouers wat vir die eerste keer die pragtige matrikulante in hulle beste formele drag gewaar het, is dit eens: almal het besonders gelyk! Eg aan hierdie jaar se tema het die aankomsvoertuie VINNIG Vorentoe beweeg, verskeie soorte karre is mee gespog – Mustangs, Porsche's, 'n Rolls Royce en selfs 'n trok!**

**Woorde van wysheid en hoop word gespreek wat almal se harte geraak het. Die toespraak van ons hoofdogter, Bianca Swart, skep 'n beeld van wie ons, as graad-12 groep, werklik is en die jare wat ons saam deurgebring het.**

**Die matrikulante is ontvang deur ons skoolhoof, Mnr. Francois Nel, voordat hulle die lokaal betree het. Daar vind die grootste deel van die aand se gebeurtenisse plaas. Opgemaak met elegansie. Besonderse toesprake word gelewer deur verskeie graad 12-voogde asook Mnr. Nel en die hoofleiers. Klem is gelê op hierdie jaar se matriekafskeidtema -Blom waar jy geplant word.**



"Die onsekere groentjies het verander in deftige grootmense!" "Die feestafels is gedek: ons blink toekoms wink…"

Die matriekleerders het hul litte los gemaak na die dansvloer deur ons hoofleiers geopen is. Die aand sou nie volmaak gewees het sonder die smaaklike ete nie. Die leerders word bederf met 'n voorgereg van pannekoek, kookkos vir hoofgereg en nagereg van roomys, sjokolade en vrugte.

Ons as matriekleerlinge bedank die volgende mense wat van hierdie aand 'n sukses gemaak het: Juffrouens van Vreden, Kruger, De Waal, Gillian Herron en Slabbert. 'n Spesiale woord van dank aan ons graadvoog, beter bekend as die moeder van ons groep, Juffrou Herman. Vir die drapering by die ingang entafelplasings sê ons dankie aan tannie Shirley.Dankie aan almal van Thabong asook Cornel Potgieter vir die musiek. Die graad 11-leerlinge het ook bygedra tot hierdie aand, dankie aan hulle. Dankie aan Mnr. Nel vir sy besonderse toespraak asook Mnr. Deetlefs vir die aankondigings tydens die aankoms van die leerlinge.

Die matriekafskeid van 2023 was 'n toonbeeld van elegansie wat deur elkeen
ook so onthou sal word.

Matrieks, die einde van julle skoolloopaan is hier, maar een ding is vir seker:
Julle toekoms is blink!
BLOM WAAR JULLE GEPLANT IS…





# LEIERSKOMITEE 2024

Kayleigh van der Merwe

Maandag, 14 Augustus, tydens saalopening het daar groot afwagting onder die graad 11-leerders geheers. Op die verhoog het 'n tafel, versier met 40 rooi dasse, gepronk. Na 'n hele proses van nominasies en demokratiese stemmery is die leierskomitee van 2024 aangekondig.
Ons wens die volgende lede geluk:

## DOGTERS

·Robyn Baker
·Kristen Barnard
·Chenigua Blom
·Diané Botha
·Laiken de Villiers
·Chiara Dover
·Donné Fowler
·Shimoné Kilian
·Megan Louw
·Megan Marais
·Megan Muller
·Hailey Myers
·Nialé Nel
·Genevieve Prinsloo
·Clerise Redelinghuys
·Karla Schoombee
·Kaylize Schutte
·Larissa Schütz
·Izelle Swart
·Chanté Werner




**SEUNS**

·Marcel Ackerman
·Rocco Aldum
·André Bekker
·Juandré Bekker
·Tristan Botha
·Joshua Boyens
·Juan de Villiers
·Thorn Drinkwater
·Tristan Else
·Tiaan Jacobs

·Joël Jordaan
·Kevin Koen
·Gunther Nel
·Wian Nel
·Mario Olifant
·Bernard Pienaar
·Melano Pieters
·Jan-Daniël Smit
·Nantus van der Merwe
Xander van Wyk

Mag 2024 'n wonderlike jaar wees van leiers wat die regte pad ken, daardie pad volg en die res van die skool daarop lei!





DONNÉ FOWLER

# ‘N VUURWARM BRAAI-OPPI-BLAD

Omgeeweek is ’n tyd waar ons ons harte oopmaak vir die minderbevoorregte mense in ons gemeenskap en vir hulle ’n helpende hand bied. Een van die maniere waarop ons dit doen, is deur ’n braaidag by die skool te organiseer om geld in te samel vir hierdie waardevolle doel. Die jaarlikse leiersprojek, Braai-oppi-Blad, is op die 29 September gehou. Die leierskomitee van 2024 het die dag bemark deur plakkate op te plak en daaroor te praat oor die interkom.

Die oggend het begin met die heerlike geur van houtskool en roosterworsies wat in die lug gehang het. Dit is ‘n dag waarop die Oosies kon ontspan, lekker kon lag en hulself geniet terwyl die smake van ons kultuur gedeel is. Hierdie jaar se Braai-oppi-Blad was beslis ’n sukses en 660 leerders het die dag bygewoon en saam geniet. Die skool is 10 uur gesluit en so het die skoolvakansie begin. Dit was ‘n wonderlike en prettige manier om Kwartaal 3 af te sluit.




# STOKKE SWAAI BY HOËRSKOOL OOSTERLIG SE GHOLFDAG

Monique Alberts

Op 21 September 2023 het Hoërskool Oosterlig hulle jaarlikse gholfdag aangebied.  Die dag was natuurlik 'n reusesukses.  Altesaam het vyf en twintig 4 bal-spanne deelgeneem.  Elke span moes 18 gaatjies speel en het ook aan 'n paar ander speletjies deelgeneem en meegeding vir wonderlike pryse. Een van die speletjies was om 'n malvalekker die verste te probeer slaan en dit, het die manne en dames geleer, is nie vir almal beskore nie. Na afloop van die gholfspel is 'n heerlike ete by die State Mines Gholfklub geniet en die spelers het tot laat gekuier. Baie geluk aan die wenners van die dag en dankie aan al die borge en Oosies wat dit deur donasies en pryse moontlik gemaak het dat elke speler met 'n prys kon wegstap. 'n Spesiale woord van dank aan die onderwysers, leiers en Juffrou Bredenhand wat hard gewerk het om van die dag 'n sukses te maak.



# 'N DAG VAN PRET BY DIE SKOOL

**DONNÉ FOWLER**

*Op 1 September 2023 is die Oosies met blomme by die hek verwelkom deur die Leierskomitee van 2024 as viering van Lentedag. Barbie-dag is ook op dieselde dag aangebied as voortsetting van die lentevieringe! Die skoolterrein is omtrent omtower in 'n wonderlike Barbie-land vol pret. Die geleentheid het aangebreek waar Oosies saamgekom het om 'n speelgrond van hul verbeelding te skep. Monique Muller het Barbie-dag gekies as haar debutanteprojek: "Dit was 'n dag om bietjie kreatief te wees en te ontspan. 'n Geleentheid om weg te breek van ons gewone roetine af." Hierdie projek het kinders die geleentheid gebied om hul skoolklere op te kikker met 'n goeie dosis ikoniese Barbie-pienk. Die dag van pret en kreatiwiteit, waarin die kinders hul verbeelding vrye teuels kon gee, het bewys dat die Oosies prestasie met pret vervleg. Die leerlinge het moeite gedoen en dié wat deelgeneem het, het pragtig gelyk. Geluk aan die leerlinge Gert Nel (10D), Raymond Kruger (10C), Megan Louw (11G), Nialé Nel (11E) asook Juffrou Black en Juffrou van Heerden wat as besgekledes aangewys is. Ons sien uit na nog baie kreatiewe en prettige geleenthede in die volgende jaar! Dankie aan elkeen wat bygedra het tot die sukses van ons Barbie- en Lentedagvieringe. Dit was beslis 'n dag om te onthou!*



# DIE HEERLIKE, LEWENDIGE LENTEDANS

Mieke Jutte

Oosterlig se heerlike lentedans het op 1 September 2023 plaasgevind. Die lentedans het hierdie jaar met die tema “Wit en Swart” gespog en het ‘n elegante en gesofistikeerde atmosfeer geskep. Die saal is pragtig versier met monochromatiese elemente wat wit en swart besonderhede gekombineer het om ‘n glansryke voorkoms in die skoolsaal te vertoon. Die Oosis het in stylvolle swart en wit drag gearriveer, gereed om te dans en die aand te geniet saam met hul vriende. Die dansvloer was lewendig met energieke musiek. Verder was daar heerlike pizza te koop. Dit was beslis ‘n onvergeetlike aand van styl. Die lente verdien om só gevier te word!



# MEESTERSJEFS OF OOSIE ONNIES?

Mieke Jutte

Die Oosies het gegons van opgewondenheid oor die jaarlikse "KOOK" (Kan Oosie Onnies Kook?)-kompetisie wat op 27 Oktober plaasgevind het. Die uitdaging vir die jaar: Om 'n vingerhappiegereg voor te berei wat 'n land wat aan die 2023 Wêreld rugbybeker deelgeneem het, te verteenwoordig. Elke onniespan se stalletjie moes ook volgens die tema versier word. Natuurlik het die oosie-onnies hulself oortref en beslis nie die beoordeelaars se werk maklik gemaak nie!

Die meestersjef-onnies was gretig om hul kookkuns ten toon te stel. Die lug is gevul met die geure van heerlike kosse en die gegons van die suisende braai- stalletjie. Leerders van alle grade het om die tydelike kombuisstasies saamgedrom om van die heerlike smulhappies te eet – tradisionele eie aan die gekose land. So sluit die Oosies die laaste kwartaal van 2023 af net voor die taai eksamen begin.




# ONTDEKKINGSREIS:
## VERKEN NUWE HORISONNE OP DIE TOERISMETOER

Lené Nel

Op Vrydag, 29 September 2023, het ‘n busvrag vol opgewonde en effens moeë kinders ’n reis na Hoedspruit aangepak en ‘n reis vol onvergeetlike ervarings het begin. Die avontuur het afgeskop met ’n besoek aan die Mac Mac-watervalle, waar die Oosies hartlik deur die Toer Broers-span gegroet is. Die waterval het op ‘n ongelooflike hoogte van 65 meter gestaan en almal is in verwondering gelaat. Dit was ‘n merkwaardige begin van ’n dag vol natuurlike wonders. Die volgende stop was God’s Window - ‘n plek wat ’n staptog van 900 meter vereis om ’n verstommende uitsigpunt te bereik. Hier is leerders aangemoedig om vir ‘n oomblik stil te staan en die asemrowende skoonheid van die natuur in te neem.

Dis oomblikke soos hierdie wat ons herinner aan die ware prag van die Skepping. Hierna het die groep hul pad na die grootste mangoplaas in Suid-Afrika gemaak. Alhoewel mango’s nie in seisoen was nie, het die Oosies dit geniet om ’n verskeidenheid lekkernye te proe, van gedroogde vrugte tot Wasabi-grondbone. Lag en pret het die lug gevul wat hierdie deel van die reis ‘n heerlike ervaring gemaak het. Toe die dag tot ’n einde gekom het, is die Oosies na Little Bush Lodge waar hulle die naweek sou deurbring. Heerlike maaltye en verfrissende drankies is bedien wat ‘n perfekte afsluiting verskaf het vir ’n dag gevul met verkenning en avontuur. Die nuwe dag het aangebreek en die leerders is bederf met ‘n heerlike oggend van koffie en beskuit voordat hulle die oggendstaptog aangepak het

. Tydens hierdie trek het die leerders fassinerende feite oor die natuur geleer, insluitend die merkwaardige kennis dat kamele vir net 20 minute kan slaap. Na die staptog is die leerders terug na hul blyplek vir ‘n stewige ontbyt en het voorberei vir die besoek aan die Moholoholo-rehabilitasiesentrum. Later die middag het die studente in die boeiende wêreld van verskeie roofvoëls en hul unieke rolle in die ekosisteem gedelf. Een uitstaande feit was dat die “Goue arend” bekend is vir sy ongelooflike vermoë om tot 100 kg met sy kloue te kan dra.

Die leerders het ook die kritieke missie van die sentrum ontdek om diere te rehabiliteer en om hulle voor te berei vir ‘n terugkeer na die natuur. Die swartluiperd in hul sorg mag byvoorbeeld ongelukkig nooit na die natuur terugkeer nie weens die tyd wat in aanhouding deurgebring het. Terwyl die leerders op die roete was, het hulle ’n geringe ongeluk met ’n pap band diep in die wildernis teëgekom. In ware avontuurgees het almal uitgespring, moue opgerol en die band geruil. Tydens die stilstand het hulle selfs tyd gevind om aan ‘n vriendelike vaardigheidskompetisie deel te neem. Nog ’n hoogtepunt van die dag was die praktiese ervaring met jagluiperds, wat ‘n opwindende dimensie aan die reis bygevoeg het.  Die laaste, maar beslis nie die minste nie, die grootste ervaring van ons skooluitstappie was gereserveer vir die majestueuse olifante. Die Oosies het die ongelooflike geleentheid gehad om hierdie saggeaarde reuse te voer en waardevolle insigte in hul lewenswyse te kry. Tydens hierdie onvergeetlike ontmoeting het leerders selfs die voorreg gehad om Sebakwe te ontmoet, ‘n bekende olifant wat op Amarula-bottels en op Discovery Channel verskyn. Dit was ’n oomblik wat ‘n onuitwisbare merk in hulle harte en gedagtes gelaat het.

Terwyl die leerders afskeid geneem het van die ontsagwekkende natuurlewe en pragtige landskappe, is hul harte gevul met dankbaarheid. Baie dankie aan ons toegewyde onderwysers, me. Rossouw, me. Dirker, en mnr. Fouché, wat die leerders op hierdie avontuur vergesel het. Ons spreek ook ons opregte waardering uit aan mnr. Nel vir die orkestreer van ‘n toer wat vir altyd in ons herinneringe gegraveer sal wees. Die 2023-toerismereis het die Oosies met herinneringe gelaat om ‘n leeftyd te hou.Dit was ’n herinnering aan die skoonheid wat ons omring en die vreugdes om die buitelewe aan te durf. Ervarings soos dié speel ‘n belangrike rol in die vorming van die gedagtes van ons Oosies, om hulle te leer oor die belangrikheid van die natuur en bewaring, en die wonders wat op ons voorstoep gevind kan word.





CHIARA DOVER

# OOSIELIG SKYN HELDERDER AS OOIT TEVORE

Die naam OosieLIG is die innoverende nuwe baadjie wat die meer bekende naam VCSV aangetrek het by Oosterlig. OosieLIG kom elke pouse op Woensdae in die saal, op die pawiljoen, of by die snoepie bymekaar. Hulle mik om leerders van al die verskillende denominasies te bedien. Hulle ondersteun nie 'n individuele kerk nie - hulle oog is op die Here! Die jeugwerkers, dominees en pastore van 'n verskeidenheid gemeentes in die omgewing wat betrokke is by die OosieLIG vorm deel van die ontsagwekkende span wat die Woord aan die Oosies bedien en die program weekliks noukeurig aanbied.

Hierdie jaar het hoogtepunte soos die "worship"-aand ingesluit, waar die Oosies die Here skaamteloos aanbid het. Op hierdie stadium is "Praise" deur Elevation Worship die beste "worship"-liedjie om die Here mee te prys, maar "Gratitude" deur Brandon Lake beklee 'n baie spesiale tweede plek in die Oosies se harte. Juffrou Uys, die juffrou agter die OosieLIG, getuig: "Dis wonderlik om te sien hoe leerders wat een keer kom die volgende week terugkom – en sommer 'n maatjie saambring." Die OosieLIG-span is baie opgewonde vir die groei en hulle sien uit na groot dinge in 2024. Die grootste gebed wat die OosieLIG op hul harte dra, is om elke Oosie se liggie aan te steek. Die aanstekers staan reg vir die nuwe jaar met 'n klomp opwindende geleenthede op pad. 2024 hou beslis 'n tweede "worship"-aand, 'n fliek- aand en 'n OosieLIG-kamp in. Oosies, geleenthede wag op julle, wat pret, aanbidding, spesiale oomblikke en geestelike groei insluit. Mense wat jou beste belange op die hart dra, kan nie wag om jou te verwelkom nie. Gaan maak Woensdae 'n draai!

Oosie LIG




LLEWELLYN VAN BLERK

# OOSIE-LIMP-ICS!

Die Oosies sluit 2023 as ware kampioene af!

Die week is op Maandag, 27 November, afgeskop deur juffrou Koekemoer en die pom-pons se aerobics-klasse wat die Oosies en onnies opgewarm het vir verdere pret wat die res van die dag sou plaasvind. Na die daaglikse aerobics-opwarming het die Oosies na die pawiljoen beweeg as toeskouers van die 7's rugbytoernooi – die "beste van die beste" moes aangewys word! Na opwindende wedstryde (selfs deur twee onniespanne ook gespeel) was dit uiteindelik tyd vir die finaal tussen die JUNIORS en die Blitzbokke. Die Blitzbokke het uiteindelik as die wenners van die toernooi weggestap! Dinsdag, 28 November, is weereens begin met 'n aerobics-sessie waardeur die Oosies opgewarm het vir die prettige busstoot. Die busstoot was beslis 'n hoogtepunt van die week! Die busse is so vining deur die onderskeie spanne gestoot dat dit gelyk het asof 'n Formule 1-wedren op die B-veld plaasgevind het. Na die busstoot moes 'n 'Fast 7'-netbaltoernooi plaasgevind het, maar as gevolg van onvoorsiene reën is dit vervang met 'n handjietennistoernooi wat net soveel pret opgelewer het! Hier is die Sonneblomme as wenners van die dag aangewys.

Op Woensdag, 29 November, het die Oosies ( na die daaglikse aerobics-opwarming) hul stapskoene aangetrek om die heerlike Stap-in-Pajamas te geniet. 'n 1,5 km-roete is deur die Oosies afgelê. Sommige Oosies het selfs 9 rondtes baasgeraak of die roete talle kere gedraf. Om die dag af te sluit is die roete verleng om die deelnemers te verras met 'n lipleklekker roomys van Grill King te ontvang – die roomys was baie nodig om die Oosies na 'n warm dag af te koel. Donderdag, 30 November, is die laaste dag van die pretweek op 'n hoë noot afgesluit met pret op die veld en waterspele waar die Oosies kon baljaar en hulself geniet met 'n meganiese bul, 'n vuurpyl, 'n slip en slide en vele meer. Oosie-LIMP-ics 2023 was beslis een wat van die Oosies se prettigheid getuig en vir lank nog onthou sal word, maar die week sou nie moontlik gewees het sonder die leierskomitee, juffrouens van der Walt en Bredenhand, die pom-pons, en beslis nie sonder die Oosies wat so 'n reuse sukses daarvan gemaak het nie!



# VERLORE TYD

**LEHANDI STEYN**

*Elke sekonde wat verby gaan beskryf 'n nuwe dimensie van tyd, soms is ons bewus daarvan, maar ander kere word ons onkant gevang dat tyd so vinnig verby gegaan het. Ons graad 10- groep van 2023 het 12 tot 15 Oktober 2023 ons verlore tyd weer vasgevang. Op 12 Oktober het 120 graad 10's vanaf Hoërskool Oosterlig vertrek om 'n absolute onvergeetlike naweek te beleef. Die fasiliteerders het nie op hulle laat wag nie en het met ons aankoms dadelik met die middag se aktiwiteite begin. Van bokdrolspoeg en laatnagmodeperade – die Oosies het sterk gestaan. Na 'n besige eerste dag en slegs 'n paar ure se slaap het 'n nuwe glinsterende dag ontvou.*

*Ons Oosies verfris hulle jeugdige herinneringe deur ou kleuterspeletjies soos vroteier, middelmannetjie en ander spontane sentimentele speletjies te speel. Oosterlig glo nie net in geestelike verfrissing nie, maar die fisieke aspek ook. In spanverband was daar voorberei vir die aand se kampvuurkonsert en deelgeneem aan 'n taai hindernisbaan wat geduld, spanwerk en vertroue beproef het. Na 'n heerlike middagete keer ons Oosies terug na die bos om deel te neem aan nog spanbou-aktiwiteite. Wat deur die Oosies beleef is die Vrydagaand kan nie deur 'n kameralens of selfs met woorde vasgevang word nie. Die sprankelende sterre wat tydens die nagmars en sterrekykaktiwiteit ervaar is spreek boekdele. Die naggeluide kon 'n mens aan die slaap sis. Die Saterdagoggend neem ons 'n oomblik van stilte deur na die pragtige sonopkoms te sit en kyk en die Here se Skepping te waardeer vir wat dit is. Volgende op die agenda was rotsklim wat 'n asemrowende uitkyk oor die plaas as beloning ingehou het.*

*Elke boer het mos 'n ideaal van hoe hy sy plaas wil hê, dus was plaasbou vir ons onderdakse boere (Oosies) 'n manier om hulle kreatiewe denke los te laat en 'n meesterstuk van 'n plaas te bou in die modder om die plaasdam. Met 'n voorgestelde plaasdam, skuur, beeste en nog meer het ons Oosies beslis uitgeblink. Om die naweek af te sluit is 'n lekker sokkie en rustige aand verigtinge geniet. Gister is nie dieselfde as vandag nie, en môre ook nie. Oomblikke wat jy nou beleef gaan nooit weer presies dieselfde beleef word nie. Vir die meeste van ons begin tyd in die oggend wanneer ons opstaan. 'n Goeie nagrus voel nie soos 8 ure nie, maar 'n slaaplose nag voel eindeloos. Tog kan ons nie die persepsie van tyd beheer nie. Wanneer ons iets geniet kan die tyd nie stadig genoeg beweeg nie en wanneer ons uitsien na iets wens ons die ure weg. Hoe gereeld wens ons nie ons kon tyd terugdraai of "time travel" soos in party films uitgebeeld word nie? Gelukkig weet die Oosies hoe om elke sekonde te laat tel!*

# DIE AVONTUURKLUB SE EERSTE EKSPEDISIE

**KAYLEIGH VAN DER MERWE**

*Saterdag, 4 Augustus, het die splinternuwe Oosie Avontuurklub by Cradle Moon Lodge in Muldersdrift gaan stap. Die staproete van ongeveer 9 km is aangepak deur 25 leerders saam met 5 personeellede. Die bus het alreeds 7 uur vanaf die skool vertrek, saam met Oom Piet en Tannie Mara. Die amptelike staptog het om 8 uur begin. Die natuur het 'n beeldskone prent om die groep gevorm en ons is verras deur diere soos sebras, rooibokke en blesbokke wat om 'n paar hoekies gewag het. Party Oosies was selfs so gelukkig om 'n yslike seekoei en trotse visarend te kon waarneem. ongeveer 4km in die roete in het ons op 'n ou bouvallige huis afgekom wat toe gedien het as 'n uitstekende fotoraam. Na die uitputtende tog avontuurlustige stap het die Oosies 'n heerlike yskoue melkskommel geniet. Die lede van die klub is vol opwinding en met baie stories huis toe. Die Oosie Avontuurklub is dus nou amptelik aan die gang en kan nie wag om die volgende bestemming te besoek nie. Almal is welkom en onthou "Adventure Awaits"!*






ZOË MULLER

# NATIONALS - REDENAARS EN PUBLIC SPEAKING: OOSIES BEREIK HOOGTES

Op 16 September 2023 het Hoërskool Oosterlig met trots, vyf uitsonderlike leerders gehad wat hul merk gemaak het tydens die nasionale rondte van die interskole redenaars- en interskole public speaking-kompetisies. Die Oosies het nie net die deelnameprys gewen nie, maar het ook 'n paar van die topposisies in die kompetisie ingepalm. In die kategorie van voorbereide en onvoorbereide redenaars het Mieke Jutte , in graad 10, 'n uitmuntende tweede plek behaal. Haar taalvaardigheid en oortuigingskrag het die beoordelaars diep beïndruk, en hierdie prestasie getuig van haar toegewydheid aan die edele kunsvorm van redenaarskap.

In dieselfde kompetisie, in die kategorie van voorbereide redenaars het Chanté Werner, in graad 11, die skool waardig verteenwoordig deur 'n verdienstelike derde plek te verower. Haar kragtige toesprake en emosionele intelligensie het die gehoor geïnspireer en het duidelik geblyk in haaruitslae.

Dit was egter nie die einde van die Oosies se sukses nie. In die Interskole Public Speaking-kompetisie het vier van ons talentvolle leerders deelgeneem: Gabrielle Wessels en Larrissa Lombaard, beide in graad 8, Mieke Jutte, in graad 10, en Zoë Muller en Chanté Werner, beide in graad 11. Dié Oosies het indrukwekkende vertonings gelewer. Chanté Werner het 'n merkwaardige tweede plek in die graad 11-kategorie behaal, terwyl Mieke Jutte die skool met eer in die graad 10-kategorie verteenwoordig het deur ook 'n tweede plek te verower.

Hierdie buitengewone prestasies deur die leerders van Hoërskool Oosterlig beklemtoon nie net hul taalvaardigheid en selfvertroue nie, maar dui ook op die voortreflike onderrig wat hulle ontvang het. Die skool is trots op hierdie prestasies en sien met opwinding uit na die volgende geleentheid om hul taal- en redenaarsvaardighede verder te ontwikkel.

OosterBeeld wil graag die leerders bedank vir hul harde werk en toewyding, asook die onderwysers wat hulle met passie en ondersteuning begelei het. Hierdie prestasies dien as 'n bron van trots vir die Oosies en beklemtoon dat Hoërskool Oosterlig steeds 'n leier in die wêreld van redenaars- en public speaking-kompetisies is.

# ‘N MOND VOL WOORDE VAN OOSTERLIG SE SPREEKKOOR

**CHENIQUA BLOM**

*Op 22 Junie 2023 het Hoërskool Oosterlig se spreekkoor, hul eerste optrede gehad. Die spreekkoor het die diep en kragtige gedig, “Still I rise” deur Maya Angelou voorgedra. Die spreekkoor het baie goed gevaar en het 88% behaal.*

*Op 27 Julie 2023 het hul, hul tweede optrede gehad by Hoërskool Oosterlig se kultuuraand en ‘n uitmuntende 92%  verower. Die spreekkoorleerders en hulle afrigters het elke dag hard geoefen om te verseker dat die Oosies die betekenisvolle gedig met betekenis en gravitas sal voordra. Die spreekkoor en afrigters beplan reeds aan groot planne en drome om die gehoor te betower volgende jaar.*



# OOSIE-REVUE RAAK HARTE AAN!



**MEGAN SMITH**

*Om 'n kompetisie te wen verg 'n kombinasie van harde werk, toewyding en deeglike voorbereiding. Hierdie voorbereiding en harde werk word reeds van Februarie beywer en afgesluit met 'n oefenweek in die Julievakansie om finale afronding te doen. Die tema van 2023, Authentic Heart, het die revueleerders opgewonde en gretig gehad om op te tree! Met 'n spesifieke doel voor oë kan OosterBeeld met trots sê dat die revue-familie dit op 29 Augustus 2023 suksevol bereik het! Die Oosies neem aan die finaal van die Kaleidoscope-kompetisie deel en behaal 'n eersteplek met 'n persentasie van 90.7%. 68 skole het aan die kompetisie deelgeneem.*

*Met ure se inspanning wat belê is om die produksie te verfyn en dit 'n sukses te maak, kan daar beslis gesê word dat die Oosies in hul doel geslaag het! Dit was vir die revueleerders 'n voorreg om so 'n spesiale oomblik met hul vriende en onderwysers te kon deel. Die revue van 2023 het verder aan kompetisies soos 8 Beats, SACOPA Nasionale revuekompetisie en die Tswane Youth Arts Festival deelgeneem.*




*Maandag, 4 September, vertrek die revuegroep na Carnival City waar hul in die Lefra revuekompetisie deelgeneem het.. Die Oosies het die voorreg gehad om te sien hoe dinge werklik agter die skerms gebeur. Gedurende die dag is daar verskeie onderhoude met van die Oosies en onnies gevoer en "backstage" video-opnames gemaak. Die Oosies het deurgedring na die finale rondte wat Dinsdag, 5 September, plaasgevind het. Die revue het hier ook die voorreg gehad om die beoordelaars se kommentaar direk na hul vertoning op die verhoog te ontvang. Met net 'n paar uur se slaap en moeë lywe het die Oosies steeds hul Authentic Hearts uitgedans! Die Oosies het eindelik 4 de plek behaal. Episodes van die kompetisie word op 6 Desember 2023, 31 Januarie 2024 en 7 Februarie 2024 op VIA TV uitgesaai. Die revueseisoen is afgesluit met twee optredes by Emperors Palace as deel van Baanbreker se Showcase.*

*Die revuelede is na so 'n suksesvolle seisoen dit eens: "Ons sal beslis net van hier af groei. Ons kan nie wag om te sien wat volgende jaar vir ons inhou en die selfs sterker bande wat tussen ons gevorm gaan word nie! Hierdie familie het altyd plek vir nog!"*

*Die revue van 2023 het beslis hul leuse uitgeleef:*

*Wees lig in die donker;*
*liefde in die seer;*
*& eg in die wêreld!*





# OOSIES SKITTER
## IN PROVINSIALE INTERSKOLE PUBLIC SPEAKING KOMPETISIE!

Zoë Muller

"Laat jou spraak beter wees as stilte, of wees stil."

Dionisius van Halikarnassus

Op 22 Julie 2023 het die gesogte Interskole Public Speaking-kompetisie sy provinsiale rondte bereik, en ons talentvolle Oosies het die verhoog betree en uitsonderlike welsprekendheid getoon. OosterBeeld is verheug om aan te kondig dat daar onder die deelnemers 'n paar uitstaande leerders gekwalifiseer het vir die Nasionale rondte, wat op 16 September 2023 by die gewaardeerde WITS se regsfakulteit gehou is. Interskole Public Speaking is 'n platform wat leerders aanmoedig om hul verbale kommunikasievermoëns te ontwikkel en hul idees met selfvertroue uit te druk. Die kompetisie koester nie net die kuns van effektiewe kommunikasie nie, maar bevorder ook kritiese denke en kreatiwiteit onder die deelnemers.

Uit die talle leerders wat aan die provinsiale rondte deelgeneem het, het 'n uitverkore groep Oosies uitgeblink met hul indrukwekkende optredes wat hul plek in die hoogsverwagte Nasionale rondte verseker het.

Kom ons wens geluk en beste wense aan die volgende leerders vir 'n blink toekoms in openbare redevoering:

1. Gabrielle Wessels
2. Larrissa Lombaard
3. Mieke Jutte
4. Chanté Werner
5. Zoë Muller

Hierdie uitsonderlike Oosies het toewyding en harde werk ten toon gestel in die voorbereiding vir die kompetisie, en hul sukses is 'n bewys van hul deursettingsvermoë en passie vir die kuns van redenaars. Ons is geweldig trots op hul prestasies en twyfel nie daaraan dat hulle op die nasionale verhoog sal aanhou skitter nie.

Terwyl hulle vorentoe beweeg om mee te ding teen die beste jong redenaars van skole regoor die land, doen ons 'n beroep op Gabrielle, Larrissa, Mieke, Chanté en Zoë om hul woorde die krag van inspirasie en verandering te laat dra. Laat hulle die woorde van Dionisius van Halikarnassus onthou:

"Laat jou spraak beter wees as stilte, of wees stil."

Mag hulle hierdie geleentheid aangryp om hul stem te laat hoor en ander te inspireer met hul woorde.

Die Oosies staan agter ons talentvolle sprekers en ondersteun hulle met onwrikbare entoesiasme. Ons glo dat hulle ons weer trots sal maak en die potensiaal waaroor Oosies beskik ten toon sal stel.





ZOË MULLER

# VOORBEREIDING VIR DIE KULTUURAAND SKEP ‘N HOË STANDAARD VIR DRAMAKLUB

“Ons het ‘n prettige geesweek gehad om die week te geniet.”

Dramaklublid

Die voorbereiding vir die Kultuuraand het die dramaklub onder druk en stres geplaas om ‘n hoë standaard in hul repetisies te handhaaf. Om hierdie druk te verlig en die gemoed hoog te hou, het die dramaklublede ‘n reeks geeswees-aktiwiteite aangepak om die week vrolik te begin.

Die Maandag is die week afgeskop met ‘n funky hoededag, wat die atmosfeer dadelik met opgewondenheid gevul het. Dinsdag is sosiale media oorheers deur lede wat as Egiptiese dansers saam met ‘n onderwyser en twee ander leerders gedans het. Die Woensdag was ‘n dag van funky klere, ter voorbereiding van die groot optrede op Donderdag.

Donderdag was die hoogtepunt van hierdie opwinding. Die dramaklub het ‘n lewendige vertoning aangebied wat die samelewing se druk om in hokke geplaas te word, beklemtoon het. Die spreekkoor het ‘n kragtige gedig van Maya Angelou gelewe, wat die gehoor se harte geroer het. Individuele items het ‘n reeks ernstige kwessies aangeraak, soos moord en verkragting, sowel as lighartige stukke oor ‘n hoërskoolkind se eerste dans.

"Hierdie kultuuraand was werklik 'n aand vir die boeke."

Toeskouer

Die dramaklub se toewyding aan uitnemendheid en gees het van hierdie Kultuuraand 'n sukses gemaak, en dit het 'n onuitwisbare indruk gelaat op almal wat teenwoordig was. Die kultuuraand het nie net 'n platform vir talent gebied nie, maar dit het ook 'n gevoel van saamhorigheid en positiewe atmosfeer geskep vir die dramaklub.

Hierdie suksesvolle kultuuraand is 'n ware bewys van die krag van samehorigheid en gees in 'n dramaklub en dit het die pad geëffen vir selfs nog meer inspirerende vertonings in die toekoms.







LENÉ NEL

# TYDLOSE WYSIES VAN DEO VOLENTÉ

In ‘n skitterende vertoning van musikale bekwaamheid het ons skoolorkes die verhoog by vanjaar se Kultuuraand betree. Die atmosfeer is gevul met afwagting terwyl ons voorberei het om ons toewyding en liefde vir musiek ten toon te stel. Soos die ligte verdof het, het die openingsnote deur die vertrek geresoneer wat die gehoor se aandag onmiddellik vasgevang het.

Van die sagte, sielvolle melodieë tot die opwindende dromme – die optrede het beslis ‘n tapisserie van emosies gebied wat die gehoor asemloos gelaat het. Elke musikant het hul hart en siel in hul instrument gestort en ’n harmonieuse simfonie geskep wat jonk en oud geroer het. Elke musikant se unieke talente is in die kollig gevestig ter viering van die diversiteit binne ons band terwyl die krag van samewerking geïllustreer is. Terwyl daar gespeel is, het dit gelyk of die tyd stilgestaan het en die gehoor na ‘n ander wêreld vervoer is. Luide applous het deur die lokaal weerklink en getuig van die impak wat op die Oosies en onderwysers gemaak is. Ons band se optrede was meer as net ‘n roetine-aksie; dit was ’n vergestalting van passie, toewyding en die kuns om musiek te maak. Hierdie optrede by die Kultuuraand het ons waardevolle lesse geleer oor spanwerk, dissipline en die belangrikheid daarvan om ons talente te slyp. Ons het geleer dat deur meedoënlose oefening en ‘n gedeelde liefde vir musiek ons iets werklik buitengewoon kan skep.

# ROCCO ALDUM: SKAAKSPELER VAN DIE JAAR

**KAYLA VAN DALEN**

*In die opwindende wêreld van skaak, waar denke en strategieë 'n sleutelrol speel, het Oosterlig 'n nuwe ster op die horison. Rocco Aldum het skaak begin speel op die jong ouderdom van agt. Hy was dadelik passievol daaroor en het sy eerste provinsiale kampioenskappe gespeel op nege jaar oud.*

*Volgens Rocco is skaak 'n ongelooflike sport wat almal kan geniet. Vir hom gaan dit nie altyd oor wen nie, maar eerder oor die lesse wat hy daaruit kan leer. Rocco is gevul met trots en opgewondenheid om as 'Skaakspeler van die jaar' benoem te word. Hy was self verras, maar was verskriklik bly dat hy beloon word vir sy harde werk.*



# KOLSKOOT!

**LEHANDI STEYN**

*Kloppende harte, malende gedagtes, bewende hande en sweet wat op jou voorkop blink. Dis te wagte, maar dis nie deel van die Oosie-masjien se woordeskat nie. Ons omgeeharte, toewyding en deursettingsvermoë vorm deel van ons Oosie- sukses. Die masjien werk egter nie net gesamentlik nie, maar ook individueel.*

*Die bobaas van boogskiet, Kayleigh van Helden, het die kollig weereens betree toe sy in die Wêreld Boogskiet Toernooi deelgeneem het teen 16 ander kompeterende skole. Sy is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Junior-span en is ook gekies vir die wêreld Federasiespan. Die wêreld toernooi het by Camp Discovery in Dinokeng, Limpopo, plaasgevind waar sy hard gewerk het om 'n vaste eerste plek in die bullseye-en-3D- byeenkomste te verower. Algeheel het sy en haar medespanmaats 'n eersteplek in die kompetisie behaal.*

*Haar passie vir boogskiet het nie oornag ontwikkel nie, maar reeds van 'n vroeë ouderdom begin groei. Op die ouderdom van nege het sy reeds haar talente begin uitleef en fenominale sukses behaal. Kayleigh sê dat boogskiet 'n sport is wat 'n oormaat verantwoordelikheid, konsentrasie, selfdissipline en motivering benodig en kan 'n waardevolle les aan ons as mense oordra.*

*Baie indrukwekkend, Kayleigh! Ons is trots op jou.*





# ‘N EERSTE VIR HOËRSKOOL OOSTERLIG SPORT

LLEWELLYN VAN BLERK

Saterdag, 29 Julie 2023, was beslis een van die GROOTSTE sportsdae in Hoërskool Oosterlig se geskiedenis. Ons skool se sportseuns het vir ons ‘n goeie dag van skolerugby verseker. Ons het die dag afgeskop met reusekrete en saam sing en dans op die pawiljoen wat gelei is deur die dirigente. Vroegoggend reeds het al die opwinding begin met die onder 14’s se wedstryd. Hulle het die eerste wedstryd van die dag gewen.

Daarna skop die onder 15's af. Met aansteeklike opwinding van die kantlyn af was dit beslis een van die beste wedstryde wat gespeel is. Ons Oosie-manne het werklik bloed, sweet en trane op die veld gelaat en kon ongelukkig nie met ‘n wen wegstap nie. Na elke wedstryd van die dag, wen of verloor, het die span gekom en saam met die ondersteuners die skoollied gesing. Die Oosie-graad 10’s (o/16) het beslis gedoen wat van hulle verwag is. In die eerste helfte het hulle met ‘n paar punte agter geloop. Direk na halftyd begin hulle speel! Dit was beslis ‘n baie opwindendewedstryd. In die laaste minute van die wedstryd besluit hulle, hulle wil wen en gaan druk ‘n drie net voordat die skeidsregter se eindfluitjie blaas wat verseker het dat ‘n naelbytwedstryd met ‘n goeie 35 punte teenoor 22 eindig.

Die dag se opwinding het opgebou tot ‘n hoogtepunt toe die tyd aanbreek vir die eerstespan se wedstryd. Soos gewoonlik het EVO en EVI die eerstespan ingelei met vlae en hulle gekose liedjie waarop hulle uitgedraf het. Ons eerstespanmanne het ongelukkig nie hulle wedstryd gewen nie, maar hulle het beslis nie opgegee nie. Die dag is afgesluit met die eerstespan wat die skoollied sing en krete skree. Na die afloop van al die wedstryde kon al die spelers en hulle familielede ‘n lekker braai geniet by die skool. Ons skoolhoof, Mnr. F Nel, het gesê dat dit een van die beste dae van sy loopbaan as skoolhoof by Hoërskool Oosterlig was. Juf G. Herron: “The rugby was wonderful and the Oosies came in big groups to support our school boys’ rugby.”

Die passie wat elke Oosie op 29 Julie 2023 deur hulle liefde vir die sport bewys het was werklik fantasties en ‘n ware toonbeeld van Oosterligtrots!



# OOSIE-NETBAL

## SLAGGEREED VIR DIE 2024-SEISOEN!

Lizé Botha

Die Oosie-netbalmeisies is op ‘n rol met die voorseisoen-netbaloefening. Die netbalspeelsters het op 10 Oktober reeds begin oefen om voor te berei vir die 2024-seisoen. Juffrou Jeanique Kruger (eerstespanafrigter) sê die voorseisoen help om ‘n soliede fondasie vir die dogters se krag en fiksheid te skep. Dit bevorder verder ook die voorkoming van beserings. Nog te meer motiveer die deeglike voorbereiding ook die Oosie-netbalmeisies se groei in die sport en help om selfvertroue te bou en probleemoplossings -en besluitnemingsvaardighede te verbeter.

Op Maandag, 23 Oktober, is die eerstespannetbalmeisies bekend gestel:

Karla Schoombee
Clerise Redelinghuys
Robyn Baker
Izelle Swart
Dianè Botha
Lené van der Walt
Deseree du Plessis
Megan Marais
Jomané Edwards

Baie geluk aan hierdie dogters. Ons sien uit na die 2024-seisoen!

# JOHANN CHAMBERS: ATLETIEKSENSASIE IN ITALIË

Kayla van Dalen

In 'n hartroerende week van triomf en eenheid het Johann Chambers onlangs Italië besoek om Suid-Afrika te verteenwoordig. Hierdie suksesvolle reis het 'n blywende indruk op hom gemaak. Johann is 'n snelvraat en met sy onwrikbare vasberadenheid het hy deelgeneem aan die 100m, 200m, en aflos-item, en 'n spoor van bewondering agtergelaat. Johann se buitengewone prestasies het nie onopgemerk verbygegaan nie en gevolglik is hy gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig by die prestige SonciniTri Colour byeenkoms in Reggio Emelia, Italië.



Daar was 'n hele aantal lande wat aan die spele deelgeneem het. Die geleentheid om die nasionale klere te dra, het hom met groot trots en 'n gevoel van verantwoordelikheid vervul om sy land en sy mense op die atletiekbaan te verteenwoordig. In die spoedige 100m het hy 'n uitstekende eersteplek behaal in sy uitdun rondte en vyfdeplek algeheel. In die 200m-naellope het Johann bewys hoekom hy as een van Oosterlig se helderste beloftes beskou word. Hy het soos 'n pyl uit 'n boog uit die blokke gevlieg en 'n vurige pas deur die wedloop behou. Ondanks die heftige kompetisie van sommige van die wêreld se vinnigste naellopers, het Johann onverset gebly en die eindstreep met 'n vasberade blink in sy oë oorgesteek. Sy indrukwekkende vertoning het vir hom 'n plek onder die top mededingers in die byeenkoms besorg.

Johann se individuele briljantheid tesame met die samewerking van die hele aflosspan, het vir 'n ongelooflike aflos-item gesorg. Hy het Suid-Afrika saam met sy mede-atlete verteenwoordig, en Johann se aflewering van die stok was vlot en getuig van die merkwaardige samehorigheid binne die span. Hul eenderse pogings, gedryf deur passie en vasberadenheid, het gelei tot 'n lofwaardige vertoning, en Suid-Afrika het trots 'n tweedeplek op die podium ingeneem. Johann Chambers se reis van Boksburg tot die verteenwoordiging van Suid-Afrika in Italië se prestigeryke sportbyeenkoms is 'n getuienis van die transformerende krag van passie, toewyding en talent. Sy merkwaardige prestasies in die 100m, 200m, en aflos-items illustreer die ware gees van Suid-Afrikaanse en Oosie-atletiek. Deur sy prestasies het hy nie net Oosterlig trots gemaak nie, maar ook bewys dat wanneer vasberadenheid en talent mekaar ontmoet, is daar grootheid sonder grense.




DONNÉ FOWLER

# OOSIES WAT DOEN JULLE IN JULLE VRYE TYD?

Kiara Ackermann in graad 11 het ons almal verras met die stokperdjie waarin sy belangstel, bootresies.
Dit het alles begin by haar oupa, wat al vyf keer 'n Springbok-kampioen was. Kiara sê dat sy nooit geïnteresseerd was in die resies nie, totdat haar ouers haar na haar eerste kompetisie geneem het. Sy sê dat sy onmiddelik verlief geraak het op die sport.

"Die grootste kompetisie wat ek al gewen het was die CMH Tri-Cup. Daar het ek eerste gekom met die tweede resies van die tri-cup, maar ek was tweede by nationals."
– Kiara Ackermann

Haar grootste inspirasie is Maritz Stromway. "Sy is 'n vrou wat alles kan doen, sy is die elegantste drywer ooit en sy inspireer my vreeslik baie, want sy wys vir die wêreld dat vrouens ook aan bootresies kan deelneen en wen", noem Kiara. Die belangrikste aspek in bootresies is die vaardighede waaroor jy moet beskik. Spoed is van uiterste belang.

Die puntetoekenning werk soos volg:

- 400 punte word toegeken wanneer jy 'n rondte voltooi;
- 500 punte word toegeken as jy die resies wen.

Die uitdunne bestaan uit 6 of 7 rondtes. Voor die einde van 'n dag moet jy aan drie uitdunrondtes deelneem. Die doel van die eerste twee uitdunrondtes is om soveel as moontlik punte te verdien. Die laaste uitdunrondte bepaal die posisie waarvolgens jy die resies begin.

# STEPHAN BOOYSEN: BOOGSKUT VAN FORMAAT

**RUANDI VAN TONDER**

*Volg die aangrypende reis van die jong boogskut van Oosterlig terwyl hy voorberei om die uiteindelike uitdaging in komende boogskietkompetisies aan te durf.*

*Trek. Trek, en SKIET!!*

*Stephan Booysen (graad 11) is vir die derde agtereenvolgende jaar gekies vir die Ekurhuleni A-span vir boogskiet en behou sy provinsiale klere. Met vasberadenheid en deursettingsvermoë het hierdie Oosiestêr sy passie vir boogskiet ten volle nagestreef en in die skoolvakansie deelgeneem aan die Boogskiet Interprovinsiale Kompetisie. Hy het ook aan die Nasionale Kompetisie deelgeneem. Stephan, jy maak ons trots!*





# OOSTERLIG GHOLFSPELERS GLIMLAG VAN OOR TOT OOR NA ‘N SUKSESVOLLE SEISOEN

RUANDI VAN TONDER

Die Oosie-gholfspan het nog ‘n suksesvolle seisoen afgesluit met merkwaardige toewyding, vaardigheid en sportmanskap. Tydens die gholfseisoen wat van Maart tot Augustus gestrek het, het ons gholfspelers baie sonskyndae op die golfbaan geniet.

Oosterlig het met twee gholfspanne in die liga meegeding. In die A-liga het Oosterlig 1 algeheel vierde geëindig en Oosterlig 2 het ‘n sesde plek behaal. Die C-liga het die seisoen met ‘n derde plek in die liga afgesluit. Drie van die A-liga-spelers het onder die top 20-spelers, uit ‘n groep van 56, vir die seisoen klaargemaak: Tristan Hickman (graad 12) het algeheel 11 de geëindig uit 56 spelers, Kyle Desmore (graad 9) was 16 de en Jaundré Olivier (graad 9), 17 de . Baie geluk aan hierdie gholfuitblinkers! Die kameraadskap en gees onder Oosterlig se spanlede was duidelik sigbaar op en van die baan af. Hierdie prestasies van die spanlede dien as ‘n bewys van hulle harde werk en toewyding aan hul geliefde sport.

OosterBeeld het by ons gholfafrigter (mnr. T. Deetlefs) gaan inloer om sy insae oor die seisoen te kry:

1. Wie inspireer meneer ?
“My Pa, hy is ‘n hardwerkende man en iemand in wie se voetspore ek wil volg.”
2. Wat is meneer se snaakste gholfgrappie?
“Always marry your second wife first. Jou tweede probeerslag is altyd beter as jou eerste een.”
3. Watter raad sou meneer aan jong gholfspelers gee?
“Hou jou kop altyd af en hou moed. Hoe meer jy speel hoe beter word jou gholf. Practice makes perfect.”
4. Waarna sien meneer die meeste uit vir Oosterlig se toekomstige gholfspanne?
“Eerstens om in die top 3 vir die liga te eindig en dan is die gholftoer van volgende jaar altyd ‘n hoogtepunt om na uit te sien.”

Ons Oosies sien uit na wat die Oosterlig-gholfspelers in die toekoms gaan bereik.

# OOSIE UITBLINKERS

Rugby

Tristan Else en Juandré Bekker is beide gekies om vir die o/19 AVS Bokkiespan te gaan toer in Nederland met Nico Barnard as hul afrigter. Hulle vertrek die 3 Desember 2023 en keer die 12 Desember 2023 terug. Ons kan nie wag om hulle in die groen en goud te sien nie! Tristan Else lewe volgens hierdie leuse:

"For me to get through the toughest periods in my life, I had to look within to find the energy to do it. I don't give up. Never have. Never will"

Jonah Lomu.

"My grootste droom vir my rugbyloopbaan is om vir die Cell C Sharks te speel en dalk die Springbokspan daarna te behaal."

Juandré Bekker deel 'n spesiale oombblik met ons: "Daar was letterlik sekondes oor in die wedstryd en ons was 10 - 7 agter. Ons kry toe 'n strafskop net ander kant die halflyn en die manne met spoed begin hardloop. Dit was omtrent op die kwartlyn wat hulle die bal vir my aangee. Ek het nog drie manne gehad om te klop en al wat deur my kop gaan is – binne, buite, rek daai kuite, en woeps gaan druk ek die wendrie onder die pale. Dit was een van my hoogtepunte in my rugbyloopbaan. Net na die drie, blaas die eindfluitjie en

Oos-Transvaal wen die Bokkie Somerweek vir 2023."



Chiara Dover





Hokkie

Kristen Barnard, ons eie 2023 eerstespanhokkiespeelster het vanaf 30 September 2023 tot 8 Oktober 2023 op ‘n eens-in-‘n-leeftyd-geleentheid na Nederland gereis.
Kristen se passie vir hokkie het ontstaan as ‘n doodgewone skoolaktiwiteit, maar dit het iets geword waarvoor sy lief is. Sy put inspirasie vanaf Taheera Augousti, ‘n hokkiespeler wat vir die Suid-Afrikaanse Nasionalespan speel. Die groot motivering vir haar hokkieloopbaan is om saam met ‘n span iets groot te bereik en om haar eie persoonlike grense te verskuif. Kristen se beste raad vir iemand wat haar droom deel:

“Moenie bang wees nie en wees ‘n spanspeler.”

Netbal

Megan Marais, 2024 se eerstenetbalspankaptein het die geleentheid gekry om die Triumph Netball Dubai Tour in Desember 2024 by te woon. “Ek was baie verras, maar ek is ‘super’ opgewonde en dankbaar. Ek sien verskriklik uit om my passie vir netbal te kan deel met ander en nuwe vriende daardeur te kan maak.”

Nou wag ons net in spanning en tel die jaar af: dag vir dag en week vir week totdat Megan op hierdie avontuur gaan! OosterBeeld is oortuig dat Megan ons sal trots maak!



# OOSTERLIG JUKSKEI BEHAAL INDRUKWEKKENDE PRESTASIES

**MELISSA ENSLIN**

*Hoërskool Oosterlig se Jukskeispan het in die kwartaal ‘n indrukwekkende vertoning gelewer met ‘n reeks spannende wedstryde wat die Oosies opgewonde het. Die span het bewys dat harde werk, toewyding en ’n passie vir die sport vrugte werp.*

*Hier is ‘n blik op hoe die kwartaal verloop het:*
*Die Jukskeispan het hul seisoen begin met die eerste wedstryd teen Hoërskool Alberton. Hierdie wedstryd was ‘n ware stryd, en 5/6 van die Oosies het uit vier afdelings top 3 plekke behaal. Dit het die span se selfvertroue ’n enorme hupstoot gegee vir die res van die seisoen. Deur die loop van die jaar het die span teen ‘n verskeidenheid teenstaanders gespeel. Die wedstryde was teen Afrikaans Hoër Seunskool waar net die seuns gespeel het. Die eerste liga-wedstryd en hul tweede liga-wedstryd is by die Boksburg Stadion gespeel. Elk van hierdie wedstryde was ’n uitdaging op sy eie, maar die Oosterligspan het elke keer met vasberadenheid en goeie spanwerk oorwin. Een van die hoogtepunte van die seisoen was toe Hoërskool Oosterlig aangewys is as die Top Jukskeiskool vir 2023. Hier het die span medaljes verwerf. Hulle het indrukwekkende prestasies gelewer en die Oosies baie trots gemaak.*

*Die sukses van die Oosterlig Jukskeispan kan toegeskryf word aan die harde werk en oefening van die spelers, sowel as die onvermoeide leiding van hul afrigters. Die span het ‘n sterk gevoel van samehorigheid ontwikkel, wat hulle in staat gestel het om moeilike uitdagings te oorkom. Rocco Aldum ,die kaptein van die o/19 seunspan, se gunsteling deel van jukskei is:*

*“Die band wat gebou word om die jukskeiput. Jukskei het ‘n fantastiese Afrikaanse gemeenskap.”*

*As ons na die toekoms kyk, is daar geen twyfel dat daar vir Hoërskool Oosterlig se Jukskeispan ‘n helder pad voorlê nie. Met hul talent en vasberadenheid, is daar geen twyfel dat hulle in die komende seisoene nog sukses sal behaal nie.*



# OOSTERLIG LANDLOOP IS REG VIR KOMPETISIE

**CHENIQUA BLOM**

*Die Oosies was deeglik voorberei vir die jaar se landloopseisoen deur die voorafgaande landloopkamp wat deur Juffrou Y. Pretorius gefasiliteer is by Fraaibos van 13 – 16 Julie 2023.Op 24 Julie 2023 het die landloopseisoen met groot sukses afgeskop . Oosterlig het beslis hierdie jaar kompetisie gehad by die Boksburg-stadion, maar die Oosies skrik vir niks nie! Die landloopspan se eerste liga het ‘n algehele 2de plek behaal uit 5 skole. Die juniormeisies het 2 de plek behaal terwyl die die juniorseuns ook 2 de plek, die seniormeisies ‘n algehele 1 ste plek behaal het en die seniorseuns ‘n 2 de plek.*

*Die span het hard geoefen. Op 31 Julie 2023 het hulle aan hul tweede liga te Boksburg-stadion deelgeneem. Die uitslae was soos volg: juniormeisies 2 de plek, juniorseuns 1 ste plek, seniormeisies 1 ste plek en seniorseuns 2 de plek. Die landloopspan wil graag vir Juffrou Y. Pretorius en almal wat by die landloop betrokke is vir hul aanmoedig en ondersteun, bedank.*





# DROP DIE BAL, OOSIES

LEHANDI STEYN

Roger Federer, Rod Laver en Pete Sampras, rolmodelle wat inspireer, motiveer en nog vele meer...

Soos Dirk van der Westhuizen en Sorina Flooze sing: “Drop die bal, slaan ‘n ‘ace’, forward backhand, base”, of veel eerder ons Oosie- tennisspan. Hier word die spyker op die kop geslaan toe die eerstespanseuns ‘n tweede plek in die liga verower het. Die tweede- en derdeseunspanne het die liga gewen asook tweede geëindig in die Oos-Gauteng- treeksfinale wat by die Easterns-bane in Benoni plaasgevind het.

Ons dogters gaan lê ook nie maklik nie. Alhoewel sukses nie vir hulle vir hierdie seisoen in die pyplyn was nie, gaan hulle egter net harder werk en in die volgende seisoen die vrugte daarvan pluk.

Die sukses van die tennisspelers kan nie misgekyk word nie. Hulle oefening tot laat in die middae en die hulp en ondersteuning van die organiseerder en afrigters, juffrou Silvi Herman en meneer Fouche het vir hulle sukses gesorg.

Een van die dae kan ons van ons mede-Oosies sien streef in ‘n Wimbledon-byeenkoms.

Baie dankie vir elke tennisspeler se harde werk. Dit word raakgesien. Die Oosies staan bankvas agter julle!

# WAAG OM TE HARDLOOP; WAAG OM TE DROOM

Monique Alberts

Die Laser Run, ‘n opwindende moderne vyfkamp byeenkoms, toets atlete se vermoëns met skiet en hardloop, wat ‘n unieke mengsel van fisieke fiksheid en geestelike skerpte vereis. ‘n Jong atleet van Hoërskool Oosterlig het verwagtinge oortref en is nou op die drumpel van ’n buitengewone prestasie.

Dmitri Annandale, ‘n talentvolle jong matrikulant van Hoërskool Oosterlig, het van 19 tot 21e Augustus aan die Internasionale Unie Van Moderne Vyfkampioenskappe (UIPM) deur die South African Modern Pentathlon Association (SAMPA) gaan deelneem. Om die droom ‘n werklikheid te maak moes Dmitri baie opofferings gemaak het. Hy het al aan baie kompetisies deelgeneem en elke kompetisie was ’n toets van sy fisieke vaardigheid, geestelike veerkragtigheid en skietakkuraatheid.

Voorbereiding vir die Laser Run Wêreldkampioenskap verg geweldige toewyding en deursettingsvermoë. Dmitri se daaglikse roetine sluit ‘n mengsel van fisiese kondisionering, teikenoefening en hardloopoefeninge in. Hy werk saam met sy afrigter om sy skietakkuraatheid en spoed op die baan te verbeter. Die veeleisende opleidingskedule het sy fisieke en geestelike grense verskuif, maar dit het ook ’n diep gevoel van dissipline en selfvertroue by hom ingeboesem.

Agter elke suksesvolle atleet is daar ‘n onwrikbare ondersteuningstelsel. Die reis op pad na sy droom was nie sonder uitdagings nie. Beserings, teleurstellings en selftwyfel was konstante metgeselle, maar hierdie matrikulant se passie vir die sport het sy vasberadenheid aangevuur om elke struikelblok te oorkom. Die ondersteuning van sy familie, vriende en afrigter het ’n deurslaggewende rol gespeel om hom op te hef tydens oomblikke van wanhoop en om terugslae in geleenthede vir groei te omskep.

Soos die kampioenskap genader het, was Dmitri se opgewondenheid en senuwees tasbaar. Hy het homself voorgestel dat hy op die podium staan terwyl hy SAMPA verteenwoordig in Brittanje in die stad, Bath, net buite Engeland. Hy weet dat hierdie oomblik sal vereis om op al sy opleiding staat te maak en tot sy volle vermoë te benut.

Ons het baie by Dmitri leer:

- Glo in jouself en jou drome!
- Die reis mag dalk uitdagend wees, maar met harde werk en deursettingsvermoë kan jy enigiets bereik.
- Omhels terugslae as geleenthede om te groei en aan te hou om jouself buite jou gemaksone te druk.





# THUNDERSTRUCK

CHIARA DOVER

Op 9 Augustus 2023 het die eerstemeisieshokkiespan vertrek op die Noord van die Vaal-hokkietoer, vergesel deur hul afrigter, juffrou De Wet, asook juffrou van den Berg en meneer Nel. Hulle het uitgespeel in die Noordvaal B-liga en het 'n twaalfde plek behaal.

Die toer was een waar spanbou, respek, fokus, goeie gees en deursettingsvermoë 'n groot rol gespeel het. Die 16 Oosie-dames het die voorreg gehad om in die eenhede by die Emerald Casino te bly en die groter voorreg gehad om met meneer Nel se Steve Hofmeyr CD's die pad te geniet na Hoërskool DF Malan waar die uitspele gehou is.
Hul eerste wedstryd op die Woensdag van hul aankoms was teen Afrikaans Hoër Meisieskool waar hul 1-0 verloor het. Die wedstryd was 'n strawwe een, maar die meisies het hul koppe hoog gehou. Hul volgende wedstryd op Donderdag, 10 Augustus, teen Hoërskool Zwartkop het 'n telling van 3-0 vir Zwartkop beloop, waarna hulle vinnig hul gemoed en liggame herstel het. Op Vrydag, 11 Augustus, het die eerstespan gewerk totdat hulle rooi in die gesig was om 'n asemrowende wedstryd te speel teen Hoërskool Ben Viljoen waar hulle kon wegstap met 'n wen van 3-2. Die toer het vir die span 'n kans gegee om die hokkieseisoen af te sluit op 'n hoë noot met die wysie van Thunderstruck deur ACDC in hulle koppe.

Die matrieks het hul heel laaste wedstryd in hul hoërskoolloopbane beslis met trots geëindig. In hul laaste aand in Meyerton kon die spanlede van mekaar afskeid neem en mekaar sterkte toewens vir die jaar wat op pad is. Die laaste paar hokkie herinneringe vir 2023 is gemaak as 'n span. "Ons is op Noordvaal hokkietoer met die Telly Tubbies wat in ons magies boer..." Eerstespan, julle ken die res!

# MARVEL MOVIE MADNESS: 'N HEERLIKE, AKSIEBELAAIDE FEES VIR DIE SINTUIE!

**MIEKE JUTTE**

*Aandag, alle superheld-liefhebbers en fliek-entoesiaste! Indien jy nie die vakansie boeke wil verorber, op 'n strand in die son lê of in die bos Kersfees vier nie, kan jy jouself gereed vir 'n verbysterende, avontuur wat jou op die punt van jou stoel hou en laat smag vir meer. Die tyd vir die nuwe Marvels fliek het uiteindelik aangebreek! Vanaf die heel eerste toneel gee hierdie film die toon aan vir 'n epiese flimervaring. Die mengsel van pragtige visuele effekte, asemrowende klankontwerp en betowerende kinematografie hou jou deur die duur van die film geboei. Jy word na 'n parallelle heelal vervoer waar die buitegewone die norm word en helde gebore word. Maar laat ons nie van die karakters vergeet nie, want hulle is die ware hart en siel van hierdie meesterstuk. Elke superheld skitter met hul unieke styl en charisma. Die rolverdeling gee lewe aan hierdie geliefde karakters wat ons laat glo in hul stryd gebalanseer met hul sin vir humor. Jy ontmoet weer ou vriende en vier hul oorwinnings met onvervalste vreugde saam.*

*'n Aspek wat werklik uitstaan in die Marvels fliek is die balans gehandhaaf tussen 'n opwindende aksiereekse en opregte oomblikke. Te midde van al die asemrowende gevegte en hoendervleistoertjies verskaf die flim steeds egte emosies wat jou hartsnare roer – 'n Herinnering dat superhelde onder die deftige pakke en superkragte ook menslik is wat met hul twyfel en kwesbaarheid worstel. Laastens is die klankbaan merkwaardig! Die ikoniese temadeuntjies van onsgunsteling helde vervleg met nuwe wysies vang elke toneel perfek vas. Die musiek verhef die filmervaring.*





# THE CAPTIVATING CLASSICS

Clarissa Venter

Na 'n lang en besige jaar het die Desembervakansie uiuteindelik aangebreek en weer ons gemoed gelig deur welverdiende rus te bring. Hier volg klassieke boeke vanuit die argiewe wat jy die vakansie kan aandurf indine jy lief is vir lees.

"**To Kill a Mockingbird**" deur Harper Lee. 'n Verhaal oor 'n meisie met die naam Scout. Scout en haar broer, Jem, probeer om hul pa, Atticus ('n prokureur), se regsgeval oor 'n gekleurde man wat valslik daarvan beskuldig word dat hy 'n vrou verkrag het, te verstaan en daarmee verband hou.

"**Black Beauty**" geskryf deur Anna Sewell. 'n Boek oor die lewe en ervarings van &'n perd genaamd Black Beauty en sy ervarings deur goeie en slegte tye.

"**The Kite Runne**r" deur Khaled Hosseini. Die onvergeetlike, hartverskeurende verhaal van die onwaarskynlike vriendskap tussen 'n ryk seun en die seun van sy pa se bediende, vasgevang in die tragiese draai van die geskiedenis.

"**Charlotte's Web**" deur E.B. White. Die jong kind in jou sal mal wees hieroor. Die wydgeleesde verhaal speel op 'n plaas af en handel oor 'n vark genaamd Wilbur en sy toegewyde vriendin, Charlotte, die spinnekop wat daarin slaag om sy lewe te red.

"**Robinson Crusoe**" deur Daniel Defoe. Ambisieus vir meer rykdom sluit Crusoe 'n ooreenkoms met handelaars, maar 'n storm sink die skip en hulle moet oorleef op 'n verlate strand.

"**The Book Thief**" deur Markus Zusak. Liesel, 'n meisie wat tydens die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland grootgeword het, steel boeke, leer lees en vind troos in woorde.

"**Pride and Prejudice**" deur Jane Austen. Die verhaal volg die hoofkarakter, Elizabeth Bennet, terwyl sy worstel met kwessies soos etiket en maniere, opvoeding, moraliteit en die huwelik in die samelewing van die landadel van die Britse regentskap.

"**The Maze Runner**" deur James Dashner. Die verhaal speel af in 'n verre toekoms, waar 'n groep tieners op geheimsinnige wyses na 'n reusagtige klipdoolhof geneem word. Nie net is hul geheue verlore nie, maar hulle het ook geen aanduiding waarom hulle in hierdie posisie beland het nie en geen manier om te ontsnap.

"**Frankenstein**" deur Mary Shelly. 'n Gruwelverhaal wat die verhaal vertel van Victor Frankenstein, 'n Switserse student van natuurwetenskap, wat 'n kunsmatige man uit stukke lyke skep en sy skepsel lewendig maak.

Laastens om die Kersfees seisoen mee te begin:

"**How the Grinch Stole Christmas!**" deur Dr. Seuss. Dit volg die Grinch, 'n geniepsige, eensame wese, wat probeer om die publiek se kersplanne te vernietig deur kersgeskenke en versierings op Oukersaand uit die huise van die nabygeleë dorpie, Who-ville, te steel. Wonder bo wonder besef die Grinch dat Kersfees nie net oor geld en geskenke gaan nie.



# UIT DIE BOK SE BEK

Chiara Dover

Die Desembervakansie begin altyd goed. Doodmoeg van die eksamenstres, is jy heel tevrede met 'n week se laat slaap en "binge-watching". Totdat dit nie meer genoeg is nie. Vir die kinders wat nie die golwe gaan sien breek hierdie Desember nie, is hier 'n lys van Desemberaktiwiteite om jou mee besig te hou. Tog is hierdie nie net enige lys nie. Dis die bomb squad van Desemberaktiwiteite geïnspireer deur die Springbokke self.

Wanneer Malcolm Marx nie balle in die lynstaan ingooi nie, trek hy sy eie paar ysskaatse aan en gaan sny die ys. Hierdie vakansie is 'n gulde geleentheid om hom na te aap. By Festival Mall wag 'n ysskaatsbaan jou in teen R145 per persoon.

Die einde van Duane Vermeulen se Bok-loopbaan is miskien in sig, maar hy vul gou daardie leemte met Suid-Afrikaners se tweede passie: kosmaak. Hy is eintlik opgelei as 'n kok. Sy liefde daarvoor het ontwikkel in diens van sy ouma. As jou vakansieskedule en maag leeg is, probeer 'n nuwe resep nes die wêreldkampioen haker!

In die vakansie is dit maklik om bedlêend te raak. Dit is dan beslis die tyd om nes Trevor Nyakane jou litte los te maak. Jy het nie 'n dansvloer nodig nie, jou sitkamer sal die truuk kan doen. Natuurlik te danke aan die wêreldbeker, is daar so paar duisend nuwe liedjies waarop jy kan 'vibe'. Ons kan nie vergeet van ons gemmerkopstut nie. Sy stokperdjie is eintlik waveboarding. Hierdie besig-hou aktiwiteit is vir die Oosie-damduikers wat hou van spoed, water, son en Steven Kitshoff.

Cobus Reinach se hart hunker na twee velde: Die rugbyveld en die bosveld. Hy is 'n man wat hou van natuur en hy besit selfs perde! Inteendeel verkies hy die plaaslewe bo die besige stad. So streel jou siel in die saal en stiebeuels terwyl jy die groot vyf beloer.

Franco Mostert is 'n uitgesproke "krieket-rookie", maar oor sy gholf vernuf is hy glad nie nederig nie. Hy glo vas dat hy die beste gholfspeler in die Springbokrugbyspan is. Gelukkig is daar 'n vakansie wat vir jou voorlê. Skaf 'n agt-yster of 'n drywertjie aan en wys vir ou Mostert wie is baas!

Pieter-Steph du Toit is eintlik 'n familieman. Hy en sy vier broers besit die Veldskoen-handelsmerk en het groot geword op 'n wyn-en olyfplaas. As die bogenoemde jou verveel, kan jy tydens hierdie vakansie bietjie tyd saam met jou familie deurbring.

Ons almal wil 'n Springbok-oomblik hê en nou kan jy! As die Desember jou dryf na Wiskunde-onttrekingssimptome, probeer 'n paar van die bogenoemde idees.

N.S. vir ekstra effek, maak seker om altyd 'n Checkers sakkie byderhand te hê.

# DIE BESTE VIR LAASTE: HOËRSKOOL OOSTERLIG VIER UITNEMENDHEID IN 2023

ZOË MULLER

*By Hoërskool Oosterlig is uitnemendheid nie net 'n doelwit nie, dit is'n tradisie wat oor verskeie sfere omhels en gevier word: sport, kultuur en akademie. Die hoogtepunt van die Oosies se toewyding en harde werk deur die jaar is ten toon gestel by die skool se gesogte jaarlikse prysuideling waar hul vir hul uitsonderlike prestasies vereer en erken is.*

*Van die hoogtepunte sluit in:*

*Mariska Pitzer is aangewys as Dux-leerder en spog met die hoogste algehele gemiddeld oor verskeie vakke in graad 12.*

*Christan Botha is die mees veelsydige graad 12-leerder.*
*Chiara Dover en Rocco Aldum is aangewys as die mees veelsydige leerders in graad 11.*
*Mieke Jutte spog as die mees veelsydige graad 10-leerder.*
*Carla Aldum is die skool se mees veelsydige graad 9.*
*Larissa Lombard is die mees veelsydige graad 8.*

*Zoe Muller en Darius Pretorius is vereer vir hul merkwaardige bydrae tot kultuur en is onderskeidelik aangewys as die kutuurseun en -dogter van 2023, terwyl Dianè Botha en Jayden Bouwer uitgestaan het as die sportikone van 2023 en dus Hoërskool Oosterlig se sportman en -vrou van die jaar is.*

*Die prysuideling was nie net 'n erkenning van individuele prestasies nie, maar ook 'n viering van die Oosies se bydra tot die lewendige tapisserie van sukses by Hoërskool Oosterlig.*




Jayden Bouwer
Carla Aldum
Zoë Muller
Darius Pretorius
Dianè Botha
Chiara Dover
Dianè Botha
Christan Botha
Larissa Lombard
Mariska Pitzer
Mieke Jutte
Rocco Aldum
Mieke Jutte
Darius Pretorius
Zoë Muller
Chiara & Rocco

# SKILDER

NIALE NEL

Wasbleek staar die doek na haar
Terwyl sy rooi en blou in pers toor
En met haar kwas, sy leegheid smoor.

Sorgvuldig plot sy elke lyn
en fotostateer permanent haar denke
al langs die doek se lengte.

Haar smart sit sy om in prente
wat boekdele spreek
sonder om dit in ‘n enkele woord te week.

Elke keer wanneer sy oor die doek vee
word die hart se broosheid toegesmeer
en oombliklik verdwyn al die seer.

Stadig maar seker, kry die kunswerk lewe
en ontsyfer sy haar gedagtes
na ‘n uiteindelike verwagting

Vir ‘n uur of twee het die kreatiwiteit
haar geannekseer
en staan sy terug
en blaker ‘n dankbare sug.

Kleurvol staar die skildery na haar
terwyl sy die kwas se kleure in die
wasbak laat verdwyn
en keer dat sy onwetend wegkwyn.

# TOTSIENS MATRIEK 2023

ONS KYK UIT VIR JULLE




## BLY IN KONTAK

WWW.OOSTERBEELD.CO.ZA

HOËRSKOOL OOSTERLIG

H.SKOOL.OOSTERLIG

HOËRSKOOL OOSTERLIG